Steps may be taken against a member arising from any actions by the member which negatively impacts on the Association or its members. This right will not in any way detract from the rights of the various Councils to take disciplinary measures against any professional member.

- 15.2 Die Bestuurskomitee mag die nodige stappe neem teen 'n lid met betrekking tot:

The Management Committee may take necessary steps against a member in respect of:

15.2.1 Enige versuim deur hom om te voldoen aan die vereistes van die Grondwet en Regulasies;

Any failure by him to comply with the provisions of the Constitution and Regulations;

15.2.2 Enige verbreking deur hom van die bepalings van 'n ooreenkoms gesluit deur die Vereniging wat 'n lid bind, onderworpe aan die bepalings van 8.4 supra;

Any breach by him of the provisions of any agreement negotiated by the Association to be binding on a member, subject to the provisions of 8.4 supra.

15.2.3 Enige handeling deur hom, of aktiwiteit wat die belange, eenheid, hoofdoelstelling, handelinge of die grondwet en die gepaardgaande regulasies van die Vereniging bedreig, ondermyn, verydel, opponeer of op enige manier direk of indirek, potensieel of werklik skade aandoen.

Any act or activity by him which threatens, undermines, actually or potentially the interests, unity, aims, main object and activities of this Association or its constitution and the accompanying regulations. Any activity by him which may be detrimental to the interests of any patient, the Association or the attainment of the main object of the Association.

15.2.4 Dissiplinêre stappe teen 'n lid sal soos volg afgehandel word:

Disciplinary measures against a member will be conducted as follows:

15.2.4.1 Enige klag teen 'n lid sal aan die Uitvoerende Komitee gerapporteer word, welke komitee die klag sal ondersoek binne die raamwerk van die grondwet en regulasies, om te bepaal of daar wel enige oortreding begaan is en indien wel of die oortreding wel dissiplinêre stappe regverdig of slegs 'n aanmaning deur die Uitvoerende Komitee. Indien bogenoemde toepaslik geag word sal die Sekretaris van die Uitvoerende Komitee dienooreenkomstig gestaak word om die lid skriftelik te maan en te waarsku. Indien die klag blyk om binne die bestek van die Ewesknie Evaluasie Komitee te val sal die geval deur die Sekretaris, met al die nodige inligting aan daardie komitee oorgedra word. Indien die Uitvoerende Komitee egter van mening is dat dissiplinêre stappe wel nodig is of as die aanmaning nie die verlangde effek of respons gehad het nie, sal dit aan die Bestuurskomitee deur gegee word.

Any complaint against a member will be reported to the Executive Committee, which committee will examine the complaint within the framework of the constitution and regulations, in order to determine whether an indiscretion has been committed and if so whether it warrants disciplinary action or whether a caution by the Executive Committee would suffice. Should the latter be determined upon, the Secretary of the Executive Committee will be tasked to give a written warning and caution to the member. Should the complaint be of a Peer Review nature, the complaint will be handed to the Peer Review Committee for further action, with all the relevant information. Should the Executive Committee however be of the opinion, that

disciplinary procedures are required or if the cautionary letter has not had the desired effect, the matter will be referred to the Management Committee.

- 15.2.4.2 Afhangende van die erns van die saak sal die Bestuurskomitee dit of op sy volgende geskeduleerde vergadering hanteer of sal dit op 'n spesiale vergadering hanteer word.

Depending upon the gravity of the situation, the Management Committee will deal with the matter as its next scheduled meeting or call a special ad hoc meeting to handle the matter.

- 15.2.4.3 Indien daar op formele dissiplinêre stappe besluit word, sal die verteenwoordiger van die lid se area as Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee aangestel word (waar die verteenwoordiger self betrokke is, sal 'n ander lid van die Bestuurskomitee hiermee getaak word) en sal by 'n komitee van 4 (vier) ander lede vanuit die Bestuurskomitee saamstel. Lede van die Uitvoerende Komitee mag nie op so 'n komitee dien nie. Hierdie komitee sal die tyd en datum binne 14 (veertien) dae van die vergadering en plek van dissiplinêre verhoor vasstel en sal onmiddellik die betrokke lid, per geregistreerde brief van die verhoor asook die klagtes teen hom/haar, in kennis stel, met spesifieke vermelding dat hy verteenwoordiging mag verkry. Hierdie vergunning sal ook vir die Dissiplinêre Komitee geld.

Should formal disciplinary action be decided upon, the representative of the member's area: will be appointed chairperson of the Disciplinary Committee (should he/she be the member involved, mother member of the management committee will be appointed) and he will appoint a committee of 4 (four) other members, drawn from the Management Committee. Members of the Executive Committee may not serve on this committee.

This committee will determine the time, date within 14 (fourteen) days of the meeting and place of the disciplinary hearing and will immediately inform the member by registered post, which letter shall contain full details of the complaint against him as well as an invitation to be represented, should he so wish. The Disciplinary Committee may also avail itself of representation.

- 15.2.4.4 By die verhoor sal 'n lid van die Uitvoerende Komitee die klag teen die lid aanhangig maak. Die lid en / of sy verteenwoordiger sal die lid se saak stel. Die Dissiplinêre Komitee sal die reg hê, om indien nodig, getuies te roep al sou dit beteken dat die verhoor tot 'n latere datum verdaag moet word.

At the hearing, a member of the Executive Committee will present the complaint against the member. The member and / or his representative will state his case. The Disciplinary Committee shall have the right to call witnesses, even if this requires an adjournment of the proceedings to a later stage.

- 15.2.4.5 Na die verhoor afgehandel is, sal die Dissiplinêre Komitee onmiddellik vergader om te besluit of die lid wel skuldig is en indien wel, wat die gepaste straf, tot en met tydelike opskorting of terminasie van lidmaatskap sal wees. Die besluit van

die Dissiplinere Komitee sal binne 7 (sewe) dae, per geregistreerde brief aan beide die lid en die sekretaris van die Uitvoerende Komitee oorgedra word.

After the hearing has been completed, the Disciplinary Committee will immediately meet to consider whether the member is indeed guilty and if so, what the appropriate punishment up to and including temporary suspension or termination of membership, should be. The decision of the Disciplinary Committee will be conveyed within 7 (seven) days, by registered letter, to both the member and the Secretary of the Executive Committee.

15.2.4.6 Alle dissiplinêre verrigtinge en kommunikasie word in camera en uiters vertroulik hanteer.

All disciplinary hearings and communications will take place in camera and in the strictest confidentiality.

15.2.4.7 Indien die lid na behoorlike kennisgewing versuim om enige van die vergaderings by te woon, sal dit aanvaar word dat die lid van sy regte afstand gedoen het en die vergadering sal in sy afwesigheid voortgaan.

In the event that the member was properly notified and then fail to attend any of the meetings, it will be assumed that he has waived his right to appear at the meetings. The meeting shall conduct its business in his absence.

15.2.4.8 'n Lid doen afstand van sy reg om die Vereniging of lede van die Bestuurskomitee, die Uitvoerende Komitee of enige ander Komitee te dagvaar vir stappe deur hulle geneem, wat tot 'n ontslag lei of enige ander straf wat hom opgelê is.

A member waives his right to sue the Association or members of the management Committee, the Executive Committee or any other committee, for steps which have led to the termination of his membership or any other sanction imposed upon him.

16. NOTULES / MINUTES

Notules van vergaderings van die Bestuurskomitee, die Uitvoerende Komitee en enige Algemene Vergadering sal gehou en beskikbaar wees vir insae deur 'n lid behalwe die notules en verrigtinge van die Eweknie Evaluasie Komitee en Dissiplinêre Komitee, wat slegs ter insae is vir die lede van die Uitvoerende Komitee en Eweknie Evaluasie Komitee en vir die Bestuurskomitee tydens 'n appèl.

Minutes of meetings of the Management Committee, the Executive Committee and of any General Meeting shall be kept and shall be made available for scrutiny by a member, except the minutes and proceedings of the Peer Review Committee and disciplinary meeting, which shall only be available to the members of the

Executive and Peer Review Committees and the Management Committee during an appeal.

17. FUNKSIES VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE / FUNCTIONS OF THE EXECUTIVE COMMITTEE

17.1 . Die Uitvoerende Komitee beskik oor die volgende bevoegdhede:

Die Executive Committee shall be empowered to:

17.1.1 om enige dissiplinêre stappe te neem soos voorgeskryf deur die Grondwet

carry out any disciplinary steps as stipulated in the Constitution

17.1.2 Om sulke stappe te neem wat nodig is vir die dag tot dag werkverrigtings van die Vereniging en vir alle sake wat na hulle verwys is deur lede tydens die Algemene Vergadering en deur die Bestuurskomitee, deur hulself of deur enige werknemer, konsultant of besturende maatskappy;

To take such actions as are required to deal with the day to day operations of the Association and with all matters referred to it by the members in General Meeting, themselves, the Management Committee or through any employee, consultant or management company;

17.1.3 Om te handel met alle roerende en onroerende bates van die Vereniging en dit te bestuur:

To deal with and to manage all assets, movable and immovable, of the Association;

17.1.4 Om Regulasie te formuleer as nuwe regulasies gewysigde of byvoegings vir goedkeuring deur die lede van die Algemene Vergadering.

To formulate Regulations as new regulations or amendments or additional Regulations for approval by the members in General Meeting.,

17.1.5 Om die nodige stappe te neem ten opsigte van die bevordering van die hoofdoelstelling van die vereniging en in besonder om te onderhandel aangaande die voorwaardes en terme waarop lede gesondheidsorg sal voorsien.

To take all steps necessary to promote the main object of the association and in particular to enter into negotiations relating to the terms and conditions upon which members will provide health care.

17.1.6 Om sub-komitees aan te stel om ondersoek in te stel en te rapporteer aan die Uitvoerende Komitee aangaande enige saak wat die Vereniging of sy lede mag raak.

To appoint sub-committees to investigate and to report to the Executive Committee on any matter affecting the Association or its members.

- 17.2 Die Uitvoerende Komitee sal verseker dat volledige en behoorlike finansiële rekords van die Vereniging gehou word en dat 'n ouditeur aangestel word vir die Vereniging. Die ouditeur sal 'n audit van die bedrywighede van die Vereniging uitvoer en finansiële state en 'n auditverslag voorlê aan die Jaarlike Algemene Vergadering vir goedkeuring deur die lede.

The Executive Committee will ensure that full and proper financial records of the Association be kept and to this end shall appoint an auditor to the Association. The auditor shall conduct an audit of the affairs of the Association and submit financial statements and audit report to the Annual General meeting for approval by the members.

- 17.3 Die Uitvoerende Komitee sal nie geregtig wees om 'n lening aan te gaan vir die uitvoer van die hoofdoelstelling van die vereniging nie tensy hulle optrede goedgekeur word deur die lede tydens 'n Algemene Vergadering.

The Executive Committee will not be entitled to raise a loan for the execution of the main object of the Association unless this is approved by the members during a General Meeting.

- 17.4 Om ooreenkomste aan te gaan met ander IPA's met die doel om die aktiwiteite van hierdie Vereniging te koördineer.

To enter into agreements with other IPA's in order to co-ordinate the activities of these Associations.

- 17.5 Die Uitvoerende Komitee sal ten minste 4 (vier) keer per kalender jaar vergader.
The Executive Committee will meet at least 4 (four) times a calendar year.

18. AFDANKING VAN 'N LID VAN DIE BESTUURSKOMITEE OF UITVOERENDE KOMITEE / DISMISSAL OF A MEMBER OF THE EXECUTIVE COMMITTEE OR MANAGEMENT COMMITTEE

Die aanstelling van 'n lid van die Bestuurskomitee of Uitvoerende Komitee sal beëindig word indien:

The appointment of a member of the Management Committee or Executive Committee shall be terminated if:

- 18.1 hy skriftelik kennis gee aan die Vereniging van sy bedanking uit sy aanstelling;
he resigns from this appointment giving such notification in writing to the Association

- 18.2 hy ophou om te kwalifiseer as 'n lid van die Vereniging;
he ceases to qualify as a member of the Association;
- 18.3 sy boedel insolvent verklaar word;
his estate is declared insolvent;
- 18.4 dissiplinêre stappe teen hom aanhangig gemaak word;
disciplinary steps are taken against him;
- 18.5 sy bedanking aangevra word deur die meerderheid van die geregistreerde lede
by 'n Spesiale Algemene Vergadering;
his resignation is called for by the majority of registered members at a Special
General Meeting;
- 18.6 Die bestuurskomitee mag in hulle eie diskresie 'n lid van die Uitvoerende Komitee
se bevoegdhede beëindig en /of die Uitvoerende Komitee as 'n geheel ontbind en
'n nuwe verkiesing van die Uitvoerende Komitee uitroep.
Hierdie besluite mag egter slegs deur die Bestuurskomitee geneem word wat
spesiaal vir die doel saamgestel is.

The Management Committee may at its discretion terminate the office of a member of the Executive Committee or may at its discretion dissolve the Executive Committee and call for a new election of the Executive Committee. Such decisions may only be taken at a Management Committee Meeting especially called for this purpose.

**19. VERGADERINGS VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE EN
BESTUURSKOMITEE / MEETINGS OF THE EXECUTIVE AND
MANAGEMENT COMMITTEES**

- 19.1 Die Uitvoerende Komitee sal ten minste een keer elke derde kalender maand
vergader.
The Executive Committee shall meet at least once every third calendar month.
- 19.2 Die Voorsitter van die Uitvoerende Komitee mag ter enige Tyd 'n vergadering van
die Uitvoerende Komitee belê om te handel met dringende sake.
The Chairman of the Executive Committee may at any time convene a meeting of
the Executive Committee to deal with matters of an urgent nature.

- 19.3 `n Kworum bestaande uit minstens 50% (vyftig persent) van die lede van die Uitvoerende Komitee moet teenwoordig wees tydens die verrigtinge van die vergaderings.

A quorum of the meeting of the Executive Committee will be at least 50% (fifty per cent) of the members of the Executive Committee.

- 19.4 Elke Komiteelid beskik oor 1 (een) stem by besluitneming en sodanige besluitneming sal geskied by wyse van die meerderheid stemme.

Each Committee member will have one vote in deciding any matter and decisions will be taken by a majority vote.

- 19.5 In die geval van `n staking van stemme, beskik die Voorsitter oor `n beslissende stem.

In the event of there being an equality of votes, the Chairman will have a casting or second vote.

- 19.6 Dit sal nie nodig wees om kennis te gee van `n vergadering van die Uitvoerende Komitee aan `n lid wat op daardie tydstip buite die grense van die RSA is nie.

It will not be necessary to give notice of a meeting of the Executive Committee to any member who at the time of the meeting is outside the boundaries of the RSA.

- 19.7 `n Besluit, behoorlik geteken deur al die lede van die Uitvoerende Komitee (behalwe die lede buite die grense van die RSA op daardie tydstip) en wat nie minder is as wat nodig is om `n kworum te vorm nie, sal van krag wees asof dit vasgestel is deur `n vergadering van die Uitvoerende Komitee, wat behoorlik saamgeroep en saamgestel is. So `n besluit mag bestaan uit meer as een dokument waarop die handtekening van een of meer lede van die Uitvoerende Komitee verskyn en mag ook faksimileversending wees.

A resolution duly signed by all members of the Executive Committee (other than those outside the RSA at that time) and being not less than are sufficient to form a quorum will be valid and effectual as if it had been passed at a meeting of the Executive Committee duly called for and constituted. Such resolution may consist of more than one document on which the signature of one or more members of the Executive Committee appears, which document may also be a facsimile transmission.

- 19.8 Die Bestuurskomitee sal ten minste 4 (vier) keer per kalender jaar vergader met dienverstande dat die laaste vergadering ten minste 1 (een) maand voor die Algemene Jaarlikse Vergadering sal plaasvind.

The Management Committee shall meet at least 4 (four) times per calendar year, provided that the last meeting of its term of office takes place at least 1 (one) month before the Annual General Meeting.

- 19.9 Die voorskrifte uiteengesit in 19.2 supra sal mutis mutandis op die Bestuurskomitee van toepassing wees.

The directions stipulated in 19.2 supra tot 19.7 supra will apply mutatis mutandis to the Management Committee.

20. LEDERREGISTER / REGISTER OF MEMBERS

Alle lede sal van tyd tot tyd hul adresse aan die Sekretaris verskaf wat 'n register sal by hou van die name en adresse van lede.

All members shall communicate their addresses from time to time to the Secretary who will keep a register of their names and addresses.

21. ADRES / ADDRESS

Enige kennisgewing of rekening sal direk aan 'n lid se behoorlik geregistreerde adres ge-pos word, soos aangeteken in die register. In die geval waar 'n lid versuim om te registreer of enige verandering van adres in die register aan te teken, of in die geval waar 'n brief aan die geregistreerde adres gestuur is en teruggestuur is as onbekend, sal so 'n kennisgewing geag word as behoorlik gegee.

Any notice or account directed to a member shall be properly delivered by posting it to the member's registered address as appearing in the register of members. In the event of any member failing to register any change of address, or of letters posted to the registered address being returned, such notice will be considered as having been properly given.

22. BANKREKENING / BANKING ACCOUNT

- 22.1 Alle gelde verskuldig aan die Vereniging sal aan die Vereniging betaal en gedeponeer word in die Vereniging se bankrekening.

All money due to the Association will be paid to the Association and will be deposited in the Association's bank account.

- 22.2 Alle uitbetalings gemaak namens die Vereniging sal betaal word uit die Vereniging se bankrekening.

All disbursements made on behalf of the Association will be paid from the Association's bank account.

- 22.3 Alle tjeks of ander verhandelbare dokumente uitgereik deur die Vereniging moet deur twee van die volgende drie persone geteken word: die Tesourier, die Voorsitter of Ondervoorsitter van die Uitvoerende Komitee.

All Cheques or other negotiable instruments issued by the association must be signed by two of the following three persons: The Treasurer, the Chairman or Vice-Chairman of the Executive Committee.

- 22.4 Surplus fondse mag van tyd tot tyd belê word by groot Finansiële instellings, goedgekeur deur die Bestuurskomitee.

Surplus funds may from time to time be invested with major Deposit Taking Institutions, approved by the management Committee.

- 22.5 In die geval van te min fondse beskikbaar in die Vereniging se bankrekening sal die Uitvoerende Komitee oor die reg beskik om 'n kapitaalheffing van die lede van die Vereniging te verhaal om die nodige verpligtinge na te kom.

In the event of there being inadequate funds in the bank account of the Association, the Executive Committee will have the right to call up a levy from the members to the Association to meet its obligations.

23. FINANSIËLE JAAR / FINANCIAL YEAR

Die Finansiële jaar van die Vereniging eindig op die laaste dag van Julie van elke jaar.

The Financial year-end of the Association will be on the last day of July each year.

24. FINANSIËLE STATE / FINANCIAL STATEMENTS

- 24.1 Die Uitvoerende Komitee sal voldoende finansiële state hou, wat alle inkomstes en uitgawes van die Vereniging en al sy bates en laste aantoon.

The Executive Committee shall cause proper financial statements to be kept, showing all income and expenditure of the Association and of all its assets and liabilities.

- 24.2 Die finansiële state van die Vereniging sal ge-oudit word deur 'n ouditeur soos aangewys deur die Uitvoerende Komitee vir die doel.

The financial statements of the Association will be audited by a duly appointed auditor by the Executive Committee.

25. AFSKRIFTE VAN DIE GRONDWET EN REGULASIES / COPIES OF THE CONSTITUTION AND REGULATIONS

’n Afskrif van die Grondwet en Regulasies sal beskikbaar wees vir insae deur lede wanneer daarvoor aansoek gedoen word by die Sekretaris. Elke persoon wat ’n lid van die vereniging word sal op aanvraag, ’n afskrif van die Grondwet en Regulasies ontvang.

A copy of the constitution and Regulations will be available for inspection by the members upon application to the Secretary. Each person, on becoming a member of the Association, will receive, on request a copy of the constitution and Regulations.

26. WYSIGING VAN DIE GRONDWET / AMENDMENT OF THE CONSTITUTION

Geen wysiging sal aan hierdie Grondwet aangebring word, tensy dit gedoen word in terme van ’n spesiale besluit geneem tydens ’n Algemene Vergadering deur die lede en die spesiale besluit geneem is deur $\frac{2}{3}$ (twee derdes) van die lede van die Vereniging wat persoonlik of by wyse van ’n skriftelike volmag met voorbehoud van 27 infra teenwoordig is. So ’n wysiging mag slegs goedgekeur word tydens ’n vergadering waarvan kennis gegee is van die voorgestelde wysiging 21 (een-en-twintig) tussen dae voor die vergadering en die kennisgewing die wysiging volledig uiteensit, die rede vir die voorgestelde wysiging en die gevolg van die wysiging.

No amendment of the Constitution will be passed unless this is done in terms of a resolution taken at a General Meeting of the members and the resolution is passed by $\frac{2}{3}$ (two thirds) of the members of the Association present in person or by proxy subject to 27 infra. Such amendment may furthermore only be passed at a meeting where notice of the proposed amendment is given 21 (twenty-one) full days before the meeting, such notice shall enunciate the proposed amendment, the reasons for the proposal and the effect thereof.

27. SKADELOOSTELLING / INDEMNITY

’n Lid of werknemer van die Vereniging sal nie verantwoordelik gehou word deur die Vereniging vir enige verliese en uitgawes aangegaan wat nodig mag wees vir enige rede, handeling of iets gedoen deur hom in die uitvoer van sy pligte nie, tensy die verlies ontstaan het deur sy eie nalatigheid, oneerlikheid of pligsversuim. Dit is ’n verskanste bepaling in hierdie Grondwet wat nooit in die toekoms verander mag word nie, nieteenstaande die bepalings van klousule 26, dat elke lid van die Vereniging persoonlik verantwoordelik is vir sy professionele en persoonlike handeling en dat lidmaatskap van die Vereniging geen beskerming bied teen etiese of regsgedinge deur enige statutêre liggaam of hof of individu nie. Die Vereniging aanvaar geen verantwoordelikheid of mede-verantwoordelikheid vir die professionele of persoonlike dade van ’n lid nie, al sou so ’n geding voortvloei uit ’n kontrak met die Vereniging namens die lid onderhandel en geteken het.

Any member, officer or employee of the association will be indemnified by the association against all losses and expenses which he may incur or become liable for, for whatever reason or any act committed by him as such in the discharge of his duties on behalf of the Association; unless the loss in question is caused by his own gross negligence, dishonesty or breach of trust. It is an entrenched clause in this constitution which may never be altered, clause 26 notwithstanding, that every member of the society is personally responsible for his professional and personal actions and that membership of the Association confers no protection against any ethical or legal proceedings by any statutory body or court of law or person. The Association does not accept any responsibility or co-responsibility for the professional or personal actions of its members, even if such an action arises from a contract that the Association negotiated and signed on behalf of the member.

28. KENNISGEWING VAN ONTBINDING / NOTICE OF DISSOLUTION

28.1 Die Vereniging mag ontbind of saamsmelt met `n ander Vereniging wat `n soortgelyke hoofdoelstelling nastrewe.

The Association may be dissolved or merge with another Association with a similar main object.

28.1.1 slegs as `n besluit geneem is deur $\frac{2}{3}$ (twee derdes) van die lede wat teenwoordig is of deur `n volmag by `n behoorlik gekonstitueerde Algemene Vergadering vir lede;

only if a resolution has been passed by $\frac{2}{3}$ (two thirds) of the members present or by proxy at a duly constituted General Meeting of members;

OF/OR

28.1.2 as `n aansoek tot `n hof gemaak word deur lede op grond daarvan dat die vereniging aktief geraak het of nie in staat is om sy doelwit en oogmerke te verwesenlik nie.

On an application to a court of law by any member on the ground that the Association has become dormant or is unable to fulfill its purpose and objectives.

28.2 By samesmelting sal die bates van die Vereniging die nuwe saamgesmelte Vereniging toeval.

On amalgamation, the assets of the Association will be transferred to the newly merged Association.

29. VERTOLKING VAN DIE GRONDWET / INTERPRETATION OF THE CONSTITUTION

By die vertolking van die Grondwet en die gepaardgaande Regulasies sal die Afrikaanse weergawe, bindend en as korrek aanvaar word.

If any interpretation of the Constitution and the accompanying Regulations, the Afrikaans version will be accepted as being correct and binding.

PERFMED

INDIVIDUELE PRAKTISYNSASSOSIASIE
INDEPENDENT PRACTITIONERS' ASSOCIATION

KOSTEBESNOEIINGS
COST-CONTAINMENT

1. DOEL/PURPOSE

Die Kostebesnoeiingskomitee het ten doel die identifisering van areas waar koste bespaar kan word sonder inkorting van mediese standaarde. Die pasiënt se belange moet altyd eerste gestel word.

The Cost Containment committee has as its aim the identifying of cost containment measures, without compromising the standard of medicine. The interests of the patient must always be put first.

2. DOELWITTE / GOALS

Die doelwitte van hierdie Komitee is:

The aims of this Committee are:

- 2.1 Om besparingsmoontlikhede te identifiseer sonder om standaard in te boet.

To identify cost containment whilst maintaining standards.

- 2.2 Eweknie Evaluasie maatreëls sal die doeltreffendheid van bogenoemde bepaal/beheer.

Peer Review measures will facilitate the controlling of the cost-containment measures.

3. PROSEDURES/PROCEDURES

Die goedkoopste en doeltreffendste prosedure moet oorweeg word sonder om veiligheid in te boet.

The most cost-effective procedure, commensurate with effective and safe medical practice must be performed.

4. PASIËNT ONDERRIG / PATIENT EDUCATION

Die besparings en ander doelstellings wat deur die IPA beoog word, sal aan die mediese fondse en pasiente bekend gemaak word.

A promotion campaign will be undertaken to inform both medical aids and patients regarding the aims and cost-containment efforts of the IPA.

PERFMED

INDIVIDUELE PRAKTISYNSASSOSIASIE
INDEPENDENT PRACTITIONERS' ASSOCIATION

EWEKNIE EVALUASIE
PEER REVIEW

1 DOELWIT / AIM

Om toe te sien dat die oogmerke van die IPA nagekom word - om koste doeltreffende gehalte mediese versorging aan die bevolking te verskaf teen 'n tarief wat die pasiënt kan bekostig, terwyl die belange van die diensverskaffers beskerm word.

To ensure that the aims of the IPA are met - to render cost effective, quality medical care to the population at a rate the patient can afford, whilst protecting the interests of the service providers.

2 EWEKNIE EVALUASIE FUNKSIE / PEER REVIEW FUNCTION

Die funksie van die Eweknie Evaluasie sal deur die Uitvoerende Komitee gekoördineer word.

The Peer Review Committee will be a sub-committee of the Management Committee and will be chosen at the Annual General meeting consisting of 3 (three) members:

1. Voorsitter / Chairman
2. Ondervoorsitter/Vice-chairman
3. Een (1) lid / One (1) member

Die Voorsitter sal nie vir nog 1 (een) jaar herkies kan word nie en die Ondervoorsitter sal Voorsitter word.

- 3.1 Die Voorsitter sal 'n lid van die Bestuurskomitee wees.

The Chairman will be a member of the Management Committee.

- 3.2 Die Eweknie Evaluasie Komitee sal 3 (drie) lede kan ko-opteer op die Eweknie Evaluasie Komitee indien dit nodig geag word.

The Peer Review Committee may co-opt 3 (three) members to the Peer Review Committee if necessary.

- 3.3 Spesialiste in die verskillende afdelings mag uitgenooi word om in 'n adviserende hoedanigheid te dien afhangende van die behoefte. Hierdie kan verskillende Akademiese Departemente, Finansiële en Wetlike Spesialiste, ensovoorts insluit.

Specialists in various fields may be invited in an advisory capacity should the need arise. These could be from Academic Departments, Financial and Legal Specialists, ect.

4. METODES EN FUNKSIONERING / METHODS AND FUNCTIONING

4.1 Die klem word gelê op die inlig en opleiding van lede.

Emphasis is placed on informing and educating members.

4.2 Bedrog moet uitgeskakel (ge-elimineer) word.

Fraud must be eliminated.

4.3 Die stelsel moet meeste van die probleme uitskakel (elimineer).

The system must eliminate most of the problems.

4.4 Die Uitvoerende Komitee sal die insameling van data vergemaklik sodat die doeltreffendheid van die Eweknie Evaluasie kan verbeter.

The Executive Committee will facilitate the collecting of data to improve the efficiency of the Peer Review.

4.5 Absolute vertroulikheid word toegepas.

Absolute confidentiality applies.

4.6 Indien daar gevind word dat 'n lid oortree, sal daar 'n skrywe aan hom/haar gerig word.

If it is found that a member transgresses, a letter will be sent to him/her.

4.7 Indien 'n lid voortdurend buite die norme optree, sal hy/sy verwys moet word na die Eweknie Evaluasie Komitee waar:

If a member persists to practice outside the norm, he/she will be referred to the Peer Review Committee, where:

4.7.1 'n Gesprek gevoer sal word om die persoon tot ander insigte te bring.

A discussion will be held with the view to changing his practice.

4.7.2 Aanbevelings aan die Uitvoerende Komitee gemaak sal word

Recommendations will be made to the Executive Committee.

4.7.3 'n Lid onder bespreking kan appèl aanhangig maak teen die besluit van die Uitvoerende Komitee by die Bestuurskomitee.

The member under question may make an appeal regarding the decision of the Executive Committee, to the Management Committee.

5. RAADGEWENDE OPTREDE / ADVISORY FUNCTION

Dit word beklemtoon dat die Komitee nie hulle toesig in `n negatiewe rol wil implementeer nie. Indien enige lid nie by die regulasies hou nie, sal hy onderwerp word aan `n raadgewende optrede soos uiteengesit is in die Grondwet.

The Committee emphatically stresses that it does not wish to implement its role in a negative connotation. Should any member not abide by the regulations he will be subjected to advisory action as envisaged in the Constitution.

PERFMED

INDIVIDUELE PRAKTISYNSASSOSIASIE
INDEPENDENT PRACTITIONERS' ASSOCIATION

ETIESE KODE
CODE OF ETHICS

**LEDE VAN DIE VERENIGING ONDERNEEM OM:
THE MEMBERS OF THE ASSOCIATION AGREE TO:**

1. Die omvattende geneeskunde tot die beste van hul vermoë te beoefen met respek en begrip vir menswaardigheid.

Practice the science and art of medicine to the best of their ability, with compassion and respect for human dignity.
2. Deur voorgesette onderrig, op standaard te bly aangaande mediese ontwikkeling.

Continue self-education to keep abreast with new developments medical care.
3. Pasiënte deeglik en volledig te ondervra en te ondersoek.

Ensure that every patient receives a complete and thorough medical examination with regard to any complaint or condition.
4. Behoorlike aantekeninge te hou oor pasiente.

Ensure that accurate records regarding patients are kept.
5. Praktykvoering bo enige verdenking te laat plaasvind. Pasiënte mag nie vir eie gewin, hetsy finansieël, fisies of emosioneel, uitgebuit word nie.

Ensure that all professional conduct is above reproach, and that patients are not taken advantage of, either physical, emotional or financial.
6. Verantwoordelikheid te aanvaar vir mediese sorg aan enige persoon, sonder voorbehoud aangaande kleur, geloof, politieke oortuigings of aard van siekte, solank dit binne die vermoë van die praktisyn se kennis strek.

Render medical services to any person regardless of color, religion, political affiliation, and nature of the illness as long as it is within the practitioner's capabilities.
7. Die reg van pasiënte te erken om insig te hê aangaande siekte, die oorsake en verloop daarvan, asook die behandeling met die gepaardgaande risiko's en voordele.

Accept the right of all patients to know the nature of his illness, its probable cause, and the available treatment, together with all likely benefits and risks involved.

8. Pasiënte toe te laat om Perfusie Tegnoloë self te kies.
Allow all patients the right to choose their Perfusionists freely.
9. Eie beperkings te ken en te erken, en om indien nodig, pasiënte na spesialis tegnoloë te verwys.
Recognize one's limitations and when necessary, recommend the patient to a specialist Perfusionist.
10. Pasiënteinligting vertroulik te hanteer en dit slegs met sy toestemming bekend maak, tensy anders deur die Wet vereis.
Keep patient information confidential, to divulge it only with the patient's permission unless otherwise ordered by law.
11. Spesiale ondersoeke en behandeling tot die noodsaaklikste te beperk. Alternatiewe moontlikhede moet aan die pasiënt voorgehou word, sodat hy 'n ingeligte keuse kan maak.
Recommend only those diagnostic procedures, which seem necessary to assist in the care of the patient and only that therapy which seems necessary for the well-being of the patient. Exchange such information with a patient as is necessary for them to make informed choices where alternatives exist.
12. Pasiënte op versoek by te staan met verskaffing van inligting wat nodig mag wees vir invordering van finansiële voordele.
Assist, when requested by any patient, by supplying the information necessary to enable the patient to receive any financial benefit to which he / she may be entitled.
13. Bystand te verleen indien 'n pasiënt dringend mediese hulp benodig.
Render all assistance possible to any patient where urgent need for medical care exists.
14. Te verseker dat mediese sorg beskikbaar is tydens eie afwesigheid.
Ensure that medical care is available to patients during absence.
15. Altyd lewe te verleng of kwaliteit te verbeter, met die besef dat die pasiënt ook 'n reg het om met waardigheid en gemak te sterf indien dit onvermydelik blyk te wees.
Always bear in mind the obligation of preserving life, but allow death to occur with dignity and comfort when death seems to be inevitable.

16. Vergoeding vir dienste op `n redelike wyse te bepaal, met inagneming van eie waarde en die persoonlike diens wat gelewer word. Indien nodig moet die tarief met die pasiënt bespreek word.

Be responsible in ascertaining the value of your services, taking into consideration the personal service rendered when determining your fee. Be prepared to discuss fees with your patient.

17. Toe te sien dat hul professionele gedrag bo verdenking is en om `n kollega wat oneties optree daarop te wys of aan te meld by die aangewese liggaam. Die reputasie van die kollega mag nie onnodig benadeel word nie.

To ensure that one's professional conduct is beyond reproach and to report to the appropriate body of peers any such conduct by a colleague which may be considered unethical or unbecoming to the profession. Under no circumstances may the reputation of any doctor be unjustly harmed.

18. Self aanspreeklik te wees vir hul eie fisies- en emosionele gesondheid. Behalwe in geval van `n noodgeval, die reg mag voorbehou om hul van die behandeling te onttrek; met dienverstande dat die pasiënt vroegetydig daarvan in kennis gestel word en dat alternatiewe mediese sorg beskikbaar is. (Hierdie reël mag egter nie reël 6 weerspreek nie.)

Accept responsibility for personal health, both mental and physical. To this effect though have the right, except in an emergency, to decline treating a patient, or in any other situation, excluding an emergency, to withdraw from the responsibility for the care of any patient, provided that the patient is given adequate notice of this intent and alternative care is reasonably available: (This rule must however, not be allowed to override rule 6)

19. Koste-effektiwiteit te aanvaar, ingedagte te hou en te beoefen.

Accept the principle of cost effective managed health care, and to co-operate in full with the requirements in order to make this possible.

20. Eweknie Evaluasie te aanvaar en by die neergelegde bepalings (regulasies) te hou.

Accept Peer Review as an integral part of managed health care and abide by the stipulated regulations in this regard.

21. Die Uitvoerende Komitee van die nodige inligting te voorsien om Eweknie Evaluasie toe te pas en die IPA te administreer.

Provide the Executive Committee with the required information to administer the IPA and to facilitate the Peer Review program.

22. Die verskaffer van mediese dienste is self verantwoordelik om vas te stel of 'n pasiënt oor 'n mediese fonds beskik.

The provider of medical services is personally responsible to determine whether a particular patient has medical aid insurance.

23. Dat die IPA geen verantwoordelikheid sal aanvaar vir 'n rekening van 'n pasiënt wat nie 'n lid met voordele van 'n spesifieke deelnemende skema is nie.

That the IPA will take no responsibility for an account, if the patient is not a registered member with benefits of a particular participating scheme.

24. Die dokumente van enige deelnemende finansiële onderskrywer wat betrekking het op die lid se praktyk beskikbaar te stel aan die Eweknie Evaluasie Komitee vir die Vereniging.

That the records of any financial underwriter relating to the member's practice, may be made available to the Association for the purpose of Peer Review.